NNNN
ZCZC 396 01621
AAHQ16 FAME 030700
MP 184

M47/010

DEEL EEN VAN DRIE DELE

NUUSBRIEF 01 VAN MARION 47: APRIL 1990

KAAPSTAD 5 APRIL 1990. DIT WAS 'N HEERLIKE HERFSDAG TOE DIE GROENTJIES VAN MARION 47 UITEINDELIK DIE KAAPSE HAWE VERLAAT.
UITEINDELIK , WANT GROOT WAS DIE TELEURSTELLING TOE ONS DIE VORIGE MIDDAG, ALL DRESSED UP AND NOWHERE TO GO , MOES VERNEEM DAT DIE SA AGULHAS EERS DIE VOLGENDE OGGEND SOU VERTREK. SOOS DIE GROEPIE MENSE OP DIE KAAI AL KLEINER GEWORD HET, HET DIE MANNE OP DIE HELI-DEK AL STILLER GERAAK. DIE LAASTE BESIENSWAARDIGHEID WAT ONS TER SEE KON BETRAG WAS ROBBENEILAND - HIER HET ONS OMGEDRAAI EN TERUGGEVAAR TOT BY DIE HAWEHOOF WAAR DIE BEAMPTE WAT DIE SKIP SE SEEWAARDIGHEID MOES SERTIFISEER, OP 'N WAGTENDE BOOT AFGELAAI IS.

DIE SEEREIS. DIE SEE WAS DEURGAANS KALM EN DIE GEVREESDE SEESIEK GOGGA KON NET HIER EN DAAR 'N NUWELING GEBYT KRY. SELFS HIERDIE GEVALLE WAS VAN 'N LAE INTENSITEIT EN SLEGS 'N PAAR GEISOLEERDE GEVALLE HET VOORGEKOM WAAR MANNE HULSELF TOT HUL KAJUITE BEPERK HET, OF VINNIG VERSKONING VAN DIE ETENSTAFEL MOES VRA. DIE EERSTE AAND WAS DIE KERELS MAAR STIL, BESIG MET GEDAGTES WAT NOG TUIS RONDGEDWAAL HET, MAAR DIE DAAROPVOLGENDE DAE IS DAAR OOR EN WEER IN KAJUITE GEKUIER EN ONDERWERPE VAN AKADEMIESE BELANG BESPREEK..... HIHIHI - DIT IS NATUURLIK ALLES BEHALWE WAT GEDOEN IS MAAR DIT KLINK GOED, NE? OP DIE VOORAAND VAN ONS AANKOMS TE MARION IS DAAR ERG GESKARREL OM DIE VLOEIBARE VERVERSINGS WAT VIR DIE JAAR BESTEL IS, UIT DIE RUIM OP DIE HELI-DEK GELAAI TE KRY. VIR DIE VAN ONS WAT GEDINK HET DIT WAS HARDE WERK HET 'N VERGISSING GEWAG..... DIE AFLAAI VAN DIE SKIP. DAARDIE AAND HET ONS VIR OULAAS GEKUIER - LEKKER GEKUIER - SO LEKKER DAT MIN KERELS BESEF HET TOE DIE SKIP STIL GAAN LE.....

MARIONEILAND 10 APRIL 1990. DIT WAS 'N GROU-GRYS EILAND WAT VIR ONS DEUR DIE KAJUITVENSTERS DAARDIE OGGEND GELOER HET. NA 'N STEWIGE ONTBYT IS ONS NA BUITE EN MET DIE MIS WAT OPGEKLAAR HET, HET 'N ANDER PRENTJIE OP ONS GEWAG. 'N MOSAIEK IN SKAKERINGS VAN GROEN, OMRAAM MET 'N RUWE SWART HET ONS BEGROET. DIE BEHAARDE, BEBAARDE MANNE (VIR FOTO, SIEN HUISGENOOT, 7 MEI 1963, ARTIKEL:
DIE BLOMMEKINDERS) WAT VIR ONS OP DIE HELI-PLATVORM GEWAG HET, HET VRIENDELIK GENOEG GELYK EN ONS HET BESLUIT DIT IS VEILIG OM AF TE KLIM. NA 'N VINNIGE KOPPIE TEE IS ONS NA DIE PUNT OM MET DIE AFLAAI VAN DIE SKIP TE BEGIN. STEL U VOOR - ONGEVEER 60 TON VRAG - STUK-STUK PER VLOT NA DIE PUNT - PER HYSKRAAN TOT BO-OP DIE PUNT - PER HAND NA VERSKEIE STOORKAMERS..... VAN DIE LYFSEER DIE VOLGENDE DAG SAL ONS NIKS SE NIE. (ISLANDERS DONT CRY)

OORGEE VAN DIENSTE. VIR DIE LOGISTIESE, OFTEWEL BASISSPAN, HET HIERDIE PERIODE NET DIE TOEPASSING VAN BEKENDE VAARDIGHEDE IN 'N ONBEKENDE MILIEU BETEKEN, MAAR VIR DIE VELDASSISTENTE 'N TOTALE NUWE ERVARING. DAAR IS KENNIS GEMAAK MET DIE BERUGTE
MIRES - 'N STUKKIE MOERASAGTIGE GROND WAT VOLGENS MURPHYS LAW NET EFFENS DIEPER IS AS JOU GUMBOOTS EN WAARIN JY SAL TRAP 5 MINUTE NA JY JOU HUT VERLAAT HET OP 'N 5 URE SESSIE IN DIE VELD. KOUE, NAT, DONKER NAGTE SONDER SUKSES EN DAE AANEEN IN 'N HUT MET WEERSOMSTANDIGHEDE WAT NET NIE WIL OPKLAAR SODAT JY KAN UIT GAAN NIE - ALLES MAAR NET 'N PAAR VAN DIE FAKTORE WAARMEE HULLE MOET STOEI.

HIEROOR EN DAAROOR. MET DIE WINTER WAT STADIG SY KOUE GREEP STYWER OM DIE EILAND KLEM, IS DIE DIERELEWE AAN DIE UITDUN, MAAR DAAR IS NOG STEEDS 'N WYE VERSKEIDENHEID TEENWOORDIG. HIERDIE PERIODE IS EGTER OOK DIE TYD WAT DIE MISLIKE MARION MUISIES MET HULLE GROOTSKAALSE INVAL IN DIE BASIS BEGIN. DIE REKORD MUISVALLETJIES IN EEN KAMER IS TANS 15.
DIE VERJAARDAGSEUNS VIR HIERDIE MAAND WAS ALBERT ADAMS, PAUL MUNTING EN BRUCE LAWSON WAT SY MONDIGWORDING NIE MAKLIK SAL VERGEET NIE. SY VERJAARDAGKOEK WAS 'N LUS VIR DIE OOG EN HET NET SO LEKKER GESMAAK.
AAN DIE MOEDERS WAT ALTYD BEKOMMERD IS OOR DIE HUISHOUDELIKE ASPEKTE VAN SO 'N EKSKURSIE - 'N BOODSKAP: DIE KAMERS IS GERIEFLIK, DIE ABLUSIEFASILITEITE SINDELIK, DIE BASIS WORD WEEKLIKS VAN HOEK TOT KANT SKOONGESKROP EN DIE PROVIAND IS BEIDE IN KWALITEIT EN KWANTITEIT TE GOED VIR WOORDE. DIT IS NATUURLIK NOU IN ONVOORBEREIDE VORM - WAT ONS DAARMEE GAAN AANVANG IS NATUURLIK 'N PERD VAN 'N ANDER KLEUR.

EINDE DEEL EEN VAN DRIE DELE

ZCZC 125 01621
AAHQ16 FAME 080800
MP 183

M47/010

DEEL TWEE VAN DRIE DELE

NUUSBRIEF 01 VAN MARION 47: APRIL 1990

MARION 47 SIEN SO DAARNA UIT:
DANIE FERREIRA - SENIOR WEERKUNDIGE EN OOK LEIER VAN DIE SPAN. HY WAS LID VAN MARION 45 EN DIE BRON VAN VALSE INLIGTING AAN ONS GROENTJIES VOOR ONS VERTREK - TERLOOPS, DIE 7 MIKROGOLFOONDE, VERWARMERS IN DIE HUTTE EN DIE NAD HOETROUSTEL, BESTAAN NIE.
DEON MULLER - VELDASSISTENT EN LEIER VAN DIE KATSPAN. HY HET BESLUIT OM TE LEI DEUR VOORBEELD EN HET GEDURENDE DIE EERSTE JAGSESSIE, 4 KATTE GEKRY. DEON WAS ALREEDS 2 KEER OP DIE EILAND, NAAMLIK MARION 44 EN 45.
GERARD EVERETT - RADIO TEGNIKUS EN ONDERLEIER. MR EVER READY HELP WANNEER JOU WALKMAN NIE MEER WIL SPEEL NI E EN IS N GEREGISTREERDE RADIO AMATEUR.
ALBERT ADAMS - VELDASSISTENT. SOEK HOM EN JY VIND HOM EERENS BESIG OM IN N GAT TE LOER, OF BESIG OM EEN TE SOEK OM IN TE LOER.
ANDRE BOTHA - VELDASSISTENT WAT OOK LID WAS VAN MARION 46. ANDRE WAS AANVANKLIK ERG HUILERIG OOR SY VERLORE PAKKIE, MAAR NOU SUKKEL ONS OM HOM UIT SY NUWE YUPPIE DUIKPAK TE KRY - JA, DIE PAKKIE IS TOE GEVIND.
DELMAINE BOTHA - VELDASSISTENT. EK MOET MY MA-HULLE LAAT WEET WAAR EK IS, HULLE IS SEKER AL BEKOMMERD. WEL MNR EN MEV BOTHA, DELMAINE HET TOE NIE NET GOU N BROOD GAAN KOOP NIE.
HEIN BUCHNER - VELDASSISTENT. AI, EK MIS MY TASCHA VERSKRIKLIK . HMMM, JOU VERLOOFDE HET N MOOI NAAM. NEE, DIT IS MY WORSHONDJIE .
CHRIS ELS - VELDASSISTENT. N MAN WAT SNAGS MOET VEG TEEN DROGBEELDE VAN DIE KAT WAT OP 3 METER WEGGEKOM HET.
JACQUES FITCHAT - WEERKUNDIGE. JACQUES IS DIE JONGSTE LID VAN DIE SPAN MAAR SUKKEL ALREEDS MET KRONIESE SOOIBRAND.
ANDRE FOURIE - BIOLOOG, OFTEWEL VOELMAN. DEFINITIEF DIE MAN MET DIE SWAKSTE OE IN DIE WERELD. HY STAAN IN DIE MIDDEL VAN N KOLONIE PIKKEWYNE EN BEKYK HULLE DEUR N VERKYKER.
IAN HOLL - RADIO KOMMUNIKATOR. KLOKSLAG ELKE DAG MOET HY DIESELFDE WOORDE UIT VERSKEIE MONDE HOOR: IAN, WAS DAAR POS VANDAG? ASSEBLIEF MENSE, SKRYF - HULLE MAAK HOM MAL.
GERHARD JONKER - WEERKUNDIGE. TEEN DIE TEMPO WAT HY DIE GYM BESOEK, DIE TOEKOMSTIGE CHARLES ATLAS VAN MARION.
BRUCE LAWSON - MEDIESE ORDONANS. DIE LAASTE MAN OM MEE MOEILIKHEID TE SOEK: WIE WEET, MORE, OORMORE HET JY DALK TANDPYN EN DAN.....
PAUL MUNTING - VELDASSISTENT. N MOEILIKE EN ONMOONTLIKE MAN IN DIE OSIALE SFEER... . MOEILIK OM AAN DIE GANG TE KRY EN ONMOONTLIK OM TE STOP.
STEPHEN NAUDE - DIESEL WERKTUIGKUNDIGE. BEHALWE OM STOUTE RYMPIES TE RESITEER KAN STEVE OOK BAIE HARD WERK EN BAIE HARD SPEEL. HY WAS LID VAN MARION 46 EN IS N OBS CONNOISEUR.
HENDRIK PANSEGROUW - VELDASSISTENT BETROKKE BY DIE SEEDIERPROGRAMME. HENDRIK VERWYL SY TYD DEUR ONDER ANDERE ROBBE SE MAGIES UIT TE POMP - INTERESSANT NE?
JACHA POTGIETER - VELDASSISTENT. JACHA WAS LID VAN MARION 45 EN HET VIR HOMSELF GEDURENDE DIE TYDPERK N REPUTASIE OPGEBOU: MANNE, STEEK JULLE VARS PRODUKTE WEG WANNEER IN DIE HUTTE - JACHA IS HIER.....
FANCOIS ROUX - VELDASSISTENT BETROKKE BY DIE SEEDIERPROGRAMME. NOG N MAN WAT DAARVAN HOU OM DIE INHOUD VAN N ROB SE MAGIE TE BESTUDEER.
PIET TERBLANCHE - VELDASSISTENT. ONS EIE OPREGTE BOERSEUN, KOMPLEET MET KHAKIBROEK. HY KRY NET V R E E S L I K KOUD HIER.
KONRAD WIENERT - VELDASSISTENT. KONRAD WAS SAAM MET CHRIS TOE DIE 3 METER ONTSNAPPING PLAASGEVIND HET, MAAR HET DAARVOOR VERGOED DEUR N ANDER KAT TE KRY.
JAN JOUBERT - BYSTAND VELDASSISTENT. JAN HET SAAMGEKOM INGEVAL N LID VAN DIE MARION 47 SPAN WEENS OMSTANDIGHEDE MOES ONTTREK. HY WAS SAAM MET DEON TYDENS DIE SESSIE WAAR DIE 4 KATTE GEKRY IS.
JAN, ONS GAAN JOU POSITIEWE INVLOED EN FANTASTIESE MUSIEKTALENT MIS.

EINDE DEEL TWEE VAN DRIE DELE

NNNN

ZCZC 107 01621
AAHQ16 FAME 070700
MP 182

M47/010

DEEL DRIE VAN DRIE DELE

NUUSBRIEF 01 VAN MARION 47: APRIL 1990

TOTSIENS MARION 46. MET APRIL MAAND EN DIE OORGEE-TYDPERK WAT NOU TOT N EINDE GEKOM HET IS DAAR WEEREENS N GESKARREL EN KOSKASSIES WORD HEEN-EN-WEER GEKARWEI. DIE KEER IS DIT EGTER NIE VAN DIE PUNT NA DIE BASIS, MAAR OMG KEERD. JA, DIE OU MANNE MOET AFSKEID NEEM VAN DIE STUKKIE NATUUR WAT VIR N JAAR DEEL VAN HUL LEWENS WAS. ONS KAN SIEN DAT DIT N TAKIE IS WAT MET N S AAR GEMOED AFGEHANDEL WORD. VAN ONS MARION 47 MANNE - DANKIE DAT JULLE ONS HIER OP JUL DOMEIN ONTVANG HET EN SO MOOI TOUWYS GEMAAK HET. TERWYL ONS NOU DANKIE SE..... PWD, DANKIE VIR DIE UITSTEKENDE OPKNAP WERK AAN DIE BASIS, RICHARD SKINNER, JY IS N KOORDINEERDER DUISEND. AAN JIMMY MOSES, DIE SJEF GEDURENDE DIE OORGEE-TYDPERK, N SPESIALE WOORD VAN DANK. GORDON COX, JY IS EEN VAN DIE HULPVAARDIGSTE MENSE WAT ONS KEN.

DIE WEER VIR APRIL 1990. DIE WEER HET HIERDIE MAAND SO DAARNA UITGESIEN:
GEMIDDELDE DRUK: 1011.6 HPA
GEMIDDELDE VOGGEHALTE: 84 (PERSENT)
GEMID DE TEMPERATUUR: 7.3 GRADE CELCIUS
GEMIDDELDE SEETEMPERATUUR: 6.9 GRADE CELCIUS
GEMIDDELDE SONSKYN: 87 URE, DUS N GEMIDDELDE VAN 2.9 URE PER DAG.
TOTALE REENVAL: 152,1 MM

VIR OULAAS VOOR ONS GROET, N BOODSKAP AAN ALMAL TUIS: VRIENDE, FAMILIE EN KENNISSE, ONS MIS JULLE WEL - NIE OM DAAR BY JULLE TE WEES NIE - OM JULLE BY ONS TE HE EN DIE ERVARING MET JULLE TE DEEL.....

GROETNIS,
MARION 47.

NUUSBRIEF DEUR: IAN HOLL
WEERDATA DEUR: DANIE FERREIRA

HIERDIE NUUSBRIEF HET TER PERSE GEGAAN OP DIE VOORAAND VAN DIE TAKE-OVER PARTY . U SAL MAAR VIR VOLGENDE MAAND SE UITGAWE MOET WAG OM HIEROOR TE LEES - N BROKKIE NUUS WAT BELOOF OM INTERESSANTE LEESSTOF TE BIED.

EINDE DEEL DRIE VAN DRIE DELE

NNNN